**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. A197/2003

**MPHULO ABRAM RADEBE** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* VAN COPPENHAGEN R

---

**AANGEHOOR OP:** 11 APRIL 2005

---

**UITSPRAAK:** MALHERBE RP

---

**GELEWER OP:** 21 APRIL 2005

---

Appellant is 'n 26-jarige eerste oortreder wat in die Streekhof te Sasolburg tereggestaan het op 'n aanklag van verkragting van 'n 43-jarige vrou. Hy was deur 'n advokaat verteenwoordig en het onskuldig gepleit op die aanklag. In sy pleitverduideliking het hy erken dat hy op die betrokke datum in die klagstaat vermeld, met die klaagster gemeenskap gehad het maar het aangevoer dat dit met haar toestemming geskied het. Hy is skuldig bevind soos

aangekla en gevonnis tot 12 jaar gevangenisstraf. In sy handgeskrewe vertoë vanuit die gevangenis kom dit voor asof appellant hom net bekla oor die opgelegde vonnis. Vir soverre sy vertoë gesien kan word as 'n kennisgewing van appèl teen die skuldigebevinding, kan 'n aanval op die skuldigbevinding nie slaag nie:

Die klaagster is heelwat ouer as appellant. Dit is gemene saak dat hulle neef en niggie is. Sy getuig dat sy nie met 'n familielid omgang sal hê nie. Sy getuig verder dat die voorval in 'n mielieland plaasgevind het, dat sy deur appellant beseer is en dat sy haar damesbroekie op die toneel agtergelaat het toe sy na die verkragting gevlug het. Die getuie Miriam Mbele, by wie klaagster gaan skuiling soek het, staaf haar dat sy gerapporteer het dat appellant (wat aan beide goed bekend was) haar verkrag het. Sy staaf die klaagster ook met betrekking tot die beserings aan haar arm, nek en oog. Die geneesheer wat die klaagster die volgende dag ondersoek het, vind ook die beserings aan die arm (twee sogenaamde "abrasies") en aan die nek (blou verkleuring). Die dag na die voorval besoek die ondersoekbeampte, Sersant Mosia,

die toneel in die mielieland waar die verkragting, volgens die klaagster, plaasgevind het. Daar vind hy merke in die grond wat daarop dui dat daar 'n stoeiery kon plaasgevind het, asook 'n pakkie biltong wat klaagster (volgens appellant) die betrokke aand by haar gehad het en, baie belangrik, die klaagster se damesbroekie wat op die toneel agtergebly het toe sy gevlug het. Hierdie getuienis van Miriam en Sersant Mosia is verdoemend teen appellant. Sy weergawe dat hy en klaagster in sy huis geslagsverkeer gehad het met haar toestemming, is na my mening tereg deur die landdros verwerp as nie redelik moontlik waar nie.

Artikel 51(2)(b)(i) van die Strafregwysigingswet (Nr. 105 van 1997) skryf 'n minimum vonnis van 10 jaar gevangenisstraf voor vir 'n verkragting soos die onderhawige, tensy daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van 'n mindere vonnis regverdig. Die landdros het geen sodanige omstandighede bevind nie. Na my mening bestaan daar wel sodanige omstandighede, te wete die gemene saak-feit dat beide appellant en die klaagster redelik sterk onder die invloed van drank was en dat klaagster hoegenaamd nie ernstig beseer is nie. Sy

getuig ook dat appellant onmiddellik na die daad eenkant gaan sit het en gehuil het.  Alhoewel appellant dit ontken, is daar geen rede om nie die klaagster se weergawe in hierdie verband te aanvaar nie.  My indruk is dat appellant na die daad skaam en hartseer was toe hy besef het wat hy gedoen het.  Dit dui op berou aan sy kant. Hy is boonop 'n eerste oortreder en waarskynlik die broodwinner van sy gesin.  Ek meen dat 'n vonnis van 7 jaar gevangenisstraf voldoende straf vir hierdie misdryf is.

Gevolglik word die volgende bevel uitgereik:

1. Die skuldigbevinding word bekragtig.

2. Die appèl teen die vonnis slaag.  Die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van 7 jaar gevangenisstraf wat teruggedateer word na 19 April 2001.

**J.P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

/sp